testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## NOVEMBER 2017

## GRAAD 9

# NATUURWETENSKAPPE

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 100**

**17 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**NATUURWETENSKAPPE**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 100**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Skryf jou van, naam, en klas op die vraestel.

2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.

3. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, AFDELING B EN AFDELING C gebaseer op die voorgeskrewe raamwerk van die KABV - dokument.

4. Toekenning van punte:

   AFDELING A: [20]
   AFDELING B: [40]
   AFDELING C: [40]

5. Hierdie vraestel bestaan uit tien vrae.

6. Volg die instruksies en die nommering van elke vraag.

7. Alle tekeninge moet in potlood gedoen word en byskrifte in blou of swart ink.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1


## MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie keuses word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en maak sirkel of ŉ kruisie oor die korrekte letter (A – D).


1.1 ŉ Veldkrag ...

A is altyd ŉ aantrekkingskrag.
B vind alleenlik plaas tussen magnetiese en elektriese ladings.
C is die resultate van ŉ aksie oor die afstand tussen twee liggame.
D is die enigste tipe krag wat die spoed van ŉ voorwerp verander. (1)


1.2 In watter een van die volgende diagramme is die voltmeter en ammeter verkeerd verbind?





A




B




C




D

(1)

1.3 As all die geleiers van koperdraad gemaak is, watter een het die grootste weerstand?

A Lank, dun en warm
B Kort, dun en koud
C Lank, dik en warm
D Kort, dik en koud (1)

1.4 Die kors en die boonste gedeelte van die mantel, vorm die ...

A trofosfeer.
B litosfeer.
C atmosfeer.
D oseaniese kors. (1)

1.5 ʼn Natuurlike vastestof met ʼn definitiewe chemiese samestelling en ʼn spesifieke kristallyn struktuur, word ʼn ... genoem.

A mineraal
B slik
C staal
D voedingstof (1)

1.6 Watter een van die volgende gasse is ʼn kweekhuis gas?

A Helium
B Waterstof
C Suurstof
D Metaan (1)

1.7 Wat is die verskil tussen ʼn serie stroombaan en ʼn parallelle stroombaan?

A ʼn Serie stroombaan volg een baan (pad) en ʼn parallelle stroombaan verdeel in verskillende bane (takke).
B ʼn Serie stroombaan moet ʼn smeltdraad hê.
C ʼn Parallelle stroombaan moet ʼn stroombreker hê.
D ʼn Parallelle stroombaan volg een baan (pad) en ʼn serie stroombaan verdeel in verskillende bane (takke). (1)

1.8 Opwekking van elektrisiteit deur vallende water, word ... genoem.

A kernkrag
B hidro-elektrisiteit
C transformasie
D aardlekkasie (1)
**[8]**

**VRAAG 2**

**TERMINOLOGIE**

Verskaf die korrekte wetenskaplike term vir elk van volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.1 – 2.6) in die spasie voorsien.

2.1 Die SI-eenheid van krag

________________________________________ (1)

2.2 ŉ Oplossing wat elektrisiteit gelei

________________________________________ (1)

2.3 ŉ Komponent wat die vloei van stroom in ŉ elektriese stroombaan bemoeilik

________________________________________ (1)

2.4 ŉ Rots wat ŉ gekonsentreerde mineraal bevat

________________________________________ (1)

2.5 Verhoging in die gemiddelde atmosferiese temperatuur

________________________________________ (1)

2.6 Die ontploffing van ŉ massiewe ster

________________________________________ (1)

**[6]**

**VRAAG 3**

**PASITEMS**

Pas die stelling in KOLOM A by die korrekte konsep in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A – H) langs die vraagnommer (3.1 – 3.6) in die spasie wat in KOLOM C voorsien word.

| KOLOM A | | KOLOM B | | KOLOM C |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | ŉ Skielike toename in elektrisiteit as die stroomspanning 110% bo die normale spanning in die kragdraad is | A. | Gravitasiekrag | 3.1 ________ |
| | | B. | Ammeter | 3.2 ________ |
| | | C. | Kragstuwing | 3.3 ________ |
| 3.2 | ŉ Stelsel wat elektrisiteit opwek | D. | Lawa | 3.4 ________ |
| 3.3 | Die instrument wat gebruik word om stroomsterkte te meet | E. | Troposfeer | 3.5 ________ |
| | | F. | Stratosfeer | 3.6 ________ |
| 3.4 | ŉ Trekkrag wat liggame op mekaar uitoefen as gevolg van hulle massa | G. | Smeltdraad | |
| | | H. | Kragstasie | |
| 3.5 | Die sfeer waar weerstoestande plaasvind | | | |
| 3.6 | Magma wat uit die oppervlak van die aarde ontsnap | | | |

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B**

**ENERGIE EN VERANDERING**

**KRAG**

**VRAAG 4**

4.1 Dui enige TWEE effekte van krag aan.

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

4.2 Identifiseer die tipe krag wat op die volgende uitgeoefen word:

4.2.1 ʼn Rek wat uitgestrek word

________________________________________ (1)

4.2.2 Tandepasta wat uit ʼn buis gedruk word

________________________________________ (1)

4.3 Bestudeer die onderstaande fotos wat die magnetiese velde tussen staaf magnete illustreer. Beantwoord die vrae wat volg.




Foto A




Foto B

4.3.1 Identifiseer die kragte wat die ystervylsels in plek hou.

________________________________________

________________________________________ (1)

4.3.2 Verduidelik kortliks wat jy waarneem in Foto A en Foto B.

________________________________________

________________________________________ (4)

4.3.3 Noem TWEE ander nie-kontak kragte behalwe die kragte genoem in 4.3.1.

________________________________________

________________________________________


________________________________________ (2)

**[11]**

**VRAAG 5**

**SERIE EN PARALLELE STROOMBANE**

5.1 Bestudeer die onderstaande stroombaan-diagram. Al die gloeilampies is identies.




5.1.1 As die spanning van een sel 3V is, bepaal die spanning van die battery.

____________________________________________

____________________________________________ (2)

5.1.2 Dui aan met 'n rede wat jy weet van die stroom wat deur gloeilampies 2 en 3 vloei.

____________________________________________

____________________________________________ (2)

5.1.3 Vergelyk die stroom wat deur gloeilampie 1 vloei met die stroom wat deur gloeilampie 2 vloei.

____________________________________________

____________________________________________ (2)

5.1.4 As gloeilampie 1 uitbrand, wat sal met gloeilampie 3 gebeur? Verduidelik jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

5.1.5 As gloeilampie 2 uitbrand, sal gloeilampie 3 aanhou om te brand. Gee ŉ rede vir hierdie stelling.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

5.2 Noem enige TWEE faktore wat die weerstand in ŉ stroombaan affekteer.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

**[12]**

**VRAAG 6**

**OPWEKKING VAN ELEKTRISITEIT IN SUID-AFRIKA**

6.1 Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.

> Kernversmelting is die vrystelling van energie wat plaasvind wanneer ŉ radioaktiewe element soos uranium in atome gesplit word.
>
> Suid-Afrika se belangrikste steenkoolreserwes is in Mpumalanga en omdat dit nie wenslik is om steenkool en elektrisiteit oor lang afstande te vervoer nie, is daar in die 1970's besluit om ŉ kernkragstasie in Koeberg naby Kaapstad in die Wes-Kaap te bou.
>
> ŉ Kernkragstasie gebruik radio-aktiewe brandstof, normaalweg uranium-235, wat in ŉ reaktor geplaas word.
>
> Kernafvalstowwe is radio-aktief as gevolg van die splitting van die uranium atome wat ook gamma uitstraling veroorsaak. Hierdie gammastrale is amper dieselfde as x-strale en kan brandwonde, kanker en genetiese mutasies in lewende organismes veroorsaak. Dit kan slegs verhoed of vertraag word met dik mure bestaande uit beton (sement), lood of gekompakteerde grond. As gevolg hiervan is dit uiters belangrik om op die korrekte manier van kernafvalstowwe ontslae te raak, sodat dit nie die omgewing besoedel en mense benadeel nie.

6.1.1 Verduidelik waarom die Koeberg kragstasie in die Wes-Kaap gebou is.

________________________________________________

________________________________________________ (1)

6.1.2 Watter element word in kernreaktors gebruik?

________________________________________________ (1)

6.1.3 Watter gesondheidsprobleme word geassosieer met kernafvalstowwe?

________________________________________________

________________________________________________ (1)

6.2 Die onderstaande tabel dui die alternatiewe bronne van kragopwekking in Suid-Afrika aan. Vul die ontbrekende inligting in op die reëls voorsien onderaan die tabel.

| **Tipe energie** | **Beskrywing** | **Hernubaar en nie-hernubaar** | **Voordele** |
|---|---|---|---|
| Wind | Die invloei van wind veroorsaak dat die turbine draai, wat aan 'n kragopwekker gekoppel is en elektrisiteit produseer | Hernubaar | Geen lugbesoedeling |
| 6.2.1 | Heliostate fokus die son se energie op 'n opvangstoring | Hernubaar | 6.2.2 |
| 6.2.3 | Water in damme en / of pompopgegaarde aanlegte word vrygestel en val op turbines wat aan kragopwekkers gekoppel is en elektrisiteit produseer | 6.2.4 | Onmiddelike bron van energie wat tydens spitstye gebruik word |
| Seegolwe | 6.2.5 | 6.2.6 | Geen lugbesoedeling |
| 6.2.7 | Energie word vrygestel wanneer 'n atoom split om water te verhit en energie te produseer | Nie-hernubaar | Geen lugbesoedeling |

6.2.1 ______________________________

6.2.2 ______________________________

6.2.3 ______________________________

6.2.4 ______________________________

6.2.5 ______________________________

6.2.6 ______________________________

6.2.7 ______________________________

(7)

**[10]**

**VRAAG 7**

**KOSTE VAN ELEKTRISITEIT**

Die volgende tabel dui die energieverbruik van verskeie huishoudelike toestelle aan.

| Huishoudelike toestelle | Energie verbruik (W) |
|---|---|
| Stoofoond | 2 000 |
| Strykyster | 450 |
| Warmwatertoestel (Geiser) | 3 000 |
| TV | 700 |
| Skootrekenaar | 50 |

7.1 Watter komponent gebruik die minste energie volgens die bostaande tabel?

____________________________________________

____________________________________________ (1)

7.2 Lys TWEE maniere hoe om die elektriese koste wat deur die warmwatertoestel verbruik word, te verlaag.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (2)

7.3 Elektrisiteit word verkoop teen ongeveer 60c per kWh. Gebruik die inligting en bereken die koste van elektriese energieverbruik deur die stoofoond as dit vir drie ure per dag gebruik word.
**[Koste = Vermoë aanslag (Kw) x Aantal ure gebruik x prys per eenheid]**

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (4)
**[7]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**


**PLANEET AARDE EN DIE RUIMTE**

**VRAAG 8**

**DIE AARDE AS 'N STELSEL**

8.1. Die diagram hieronder illustreer die interaksie van die sfeer van die aarde as 'n komplekse stelsel.

Gebruik die onderstaande diagram en beskryf die interaksie tussen die verskillende sfere.



______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________


______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (6)

8.2 8.2.1 Voltooi 'n vloeidiagram vir die onderstaande rotssiklus deur die ontbrekende stadia genommer 1 tot 5 in te vul.




1. ______________________________ (1)

2. ______________________________ (1)

3. ______________________________ (1)

4. ______________________________ (1)

5. ______________________________ (1)

8.2.2 Beskryf kortliks die verskille tussen magma en stollingsgesteentes.

Magma is ______________________________ (1)

Stollingsgesteentes is ______________________________

______________________________ (1)

8.3 Rotse op die aarde se oppervlak ondergaan verwering om kleiner stukkies (partikels) te vorm. Noem enige DRIE belangrike faktore wat die proses van verwering kan beïnvloed.

___

___

___ (3)

**[16]**

**VRAAG 9**

**MYNBOU IN SUID-AFRIKA**

9.1 Natuurbewaarders besef dat dit meer effektief sal wees om saam met mynbou maatskappye te werk en programme te ontwikkel om die omgewing tot sy oorspronklike toestand te herstel as om teen mynbou-aktiwiteite te baklei.

9.1.1 Gee TWEE redes hoekom:

(a) mynbou-aktiwiteite nooit ophou nie.

___

___

___ (4)

(b) bewaarders bekommerd is oor mynbou-aktiwiteite.

___

___

___ (4)

9.1.2 Stel TWEE maniere voor hoe natuurbewaarders en mynbou-maatskappye saam kan werk.

___

___

___ (4)

9.1.3 Lys die vier lae van die atmosfeer.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

9.2 Bespreek wat die volgende scenario se invloed op die sfere sal wees.

Die gemiddelde temperatuur verhoog aansienlik as gevolg van aardverwarming.

______________________________________________

______________________________________________ (2)
**[18]**

**VRAAG 10**

**GEBOORTE, LEWE EN AFSTERWE VAN STERRE**

10.1 Waarom word verskillende kleure sterre in die lugruim gesien?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

10.2 Teken ʼn vloeidiagram om die lewenssiklus van ʼn ster aan te dui en gebruik die onderstaande terme.

(rooi reus, protoster, nebula, wit dwerg, blou ster) (5)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**